BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

MUNISIPALE VOORSIENINGSKANAAL BESTUURSBELEID

PLAASLIKE REGERING: WET OP MUNISIPALE FINANSIëLE BESTUUR, 2003

Datum aanvaar: 29 November 2005

Ingevolge die bepalings van artikel 111 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003) besluit die Raad om die volgende voorstel te aanvaar as die Voorsieningskanaal Bestuursbeleid van die munisipaliteit.

I N H O U D

1. Woordbepalings

HOOFSTUK 1

DAARSTELLING EN IMPLEMENTERING VAN VOORSIENINGSKANAAL BESTUURSBELEID

2. Voorsieningskanaal bestuursbeleid
3. Wysiging van voorsieningskanaal bestuursbeleid
4. Delegasie van voorsieningskanaal bestuursbeleid magte en pligte
5. Subdelegasies
6. Oorsigrol deur Raad
7. Voorsieningskanaal bestuurseenhede
8. Opleiding van voorsieningskanaalbestuur amptenare

HOOFSTUK 2

VOORSIENINGSKANAAL BESTUURSRAAMWERK

9. Formaat van voorsieningskanaal bestuur

Deel 1 : Aanvraagbestuur

10. Stelsel van aanvraagbestuur

Deel 2 : Verkrygingsbestuur

11. Stelsel van verkrygingsbestuur

12. Reeks verkrygingsprosesse

13. Algemene voorskrifte vir oorweging van ‘n geskrewe kwotasie of bod

14. Lyste van geakkrediteerde voornemende diensverskaffers

15. Kleinkas aankope

16. Geskrewe of mondelinge kwotasies

17. Formele geskrewe pryskwotasies

18. Prosedures vir die verkryging van goedere of dienste deur middel van geskrewe of mondelinge kwotasies en formele geskrewe pryskwotasies

19. Mededingende bodproses

20. Proses vir mededingende botte

21. Bod dokumentasie vir mededingende botte

22. Openbare uitnodiging vir mededingende botte

23. Prosedure vir die hantering, oopmaak en aanteken van botte

24. Onderhandelinge met voorkeur bieër

25. Twee-fase bodproses

26. Komiteestelsel vir mededingende botte

27. Bod spesifikasie komitees

28. Bod evalueringskomitees

29. Bod toekenningskomitees

30. Verkryging van bankdienste

31. Verkryging van IT verwante goedere of dienste

32. Verkryging van goedere en dienste onder kontrakte verkry deur ander regeringsliggame

33. Verkryging van goedere wat spesiale veiligheidsreëlings verg

34. Trots SA Veldtog

35. Aanstelling van konsultante

36. Afwyking en goedkeuring van geringe oortredings in die verkrygingsproses

37. Botte nie aangevra nie

38. Voorkoming van misbruik van die voorsieningskanaal bestuursbeleid

Deel 3 : Logistiek, Beskiking, Risiko en Prestasie Bestuur

39. Logistieke bestuur
40. Beskikingsbestuur
41. Risiko bestuur
42. Prestasie bestuur

Deel 4 : Ander Sake

43. Verbod op toekennings aan persone wie se inkomstebelasting sake nie in orde is nie
44. Verbod op toekennings aan persone in diens van die Staat
45. Toekennings aan naby-familielede of persone in diens van die Staat
46. Etiese standaarde
47. Aansporings, belonings, geskenke en gunste
48. Borgskappe
49. Besware en klagtes
50. Beslissing van dispute, besware, klagtes en navrae
51. Kontrakte wat voorsiening maak vir vergoeding gegrond op omset

Woordbepalings

1. In hierdie beleid, mits die inhoud anders aandui, het ‘n woord of uitdrukking die betekenis wat daaraan toegewys is deur die Wet, dieselfde betekenis soos vervat in die Wet, en –

“ander toepaslike wetgewing” beteken enige ander wetgewing van toepassing op die munisipale voorsieningskanaal bestuur, insluitend –

(a) Die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet No. 5 van 2000);

(b) *'the Broad-based Black Economic Empowerment Act, 2003 (Act. No. 53 of 2003);* en

(c) Die Wet op die Konstruksie Nywerheid Ontwikkelingsraad, 2000 (Wet No. 39 van 2000);

"die Wet" beteken die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003);

"finale toekenning", in verhouding tot botte of kwotasies voorgelê vir 'n kontrak, beteken die finale besluit waardeur 'n bod of kwotasie aanvaar is;

"formele geskrewe pryskwotasie" beteken kwotasies waarna verwys in paragraaf 12(1) (c) van hierdie beleid.

"geskrewe of mondelinge kwotasies" beteken kwotasies waarna verwys in paragraaf 12(1)(b) van die Wet

"in diens van die Staat" beteken –

(a) 'n Lid van –

  (i) enige munisipale raad;

  (ii) enige provinsiale wetgewer; of

  (iii) die Nasionale Vergadering of die Nasionale Raad van Provinsies

(b) 'n Lid van die raad van direkteure van enige munisipale entiteit.

(c) 'n Amptenaar van enige munisipaliteit of munisipale entiteit

(d) 'n Werknemer van enige nasionale of provinsiale departement, nasionale of provinsiale openbare entiteit of grondwetlike

instelling binne die betekenis van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

(e) ‘n Lid van die rekenpligtige owerheid of enige nasionale of provinsiale openbare entiteit; of

(f) ‘n Werknemer van die Parlement of ‘n provinsiale wetgewer

“mededingende bod” beteken ‘n bod ingevolge ‘n mededingende bodproses;

“mededingende bodproses” beteken ‘n mededingende bodproses waarna verwys in paragraaf 12(1)(d) van hierdie beleid;

“langtermyn kontrak” beteken ‘n kontrak wat ‘n termyn van een jaar oorskry;

“lys van geakkrediteerde voornemende verskaffers” beteken die lys van geakkrediteerde voornemende verskaffers wat deur die munisipaliteit

bygehou moet word ingevolge paragraaf 14 van hierdie beleid.

“Regulasies” beteken die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Finansiële Bestuur, 2003, munisipale Voorsieningskanaal Bestuursregulasies afgekondig ingevolge Staatskennisgewing 868 van 2005;

“Tesourie riglyne” beteken enige riglyne oor voorsienings-kanaalbestuur soos uitgereik deur die Minister ingevolge artikel 168

HOOFSTUK 1

IMPLEMENTERING VAN VOORSIENINGSKANAAL BESTUURSBELEID

Voorsieningskanaal bestuursbeleid

2. (1) Alle amptenare en ander rolspelers in die VKB van die Munisipaliteit moet die beleid sodanig implementeer ten einde -

(a) uitvoering te gee aan –

(i) artikel 217 van die Grondwet; en

(ii) Deel 1 van Hoofstuk 11 en ander toepaslike voorwaardes van die Wet.

(b) regverdig, billik, deursigtig, kompeterend en koste-effektief te wees;

(c) te voldoen aan –

(i) die regulasies; en

(ii) enige minimum norme en standaarde wat ingevolge artikel 168 van die Wet voorgeskryf mag word.

(d) in ooreenstemming te wees met ander toepaslike wetgewing;

(e) nie die doelwit benadeel van die voorsieningskanaal bestuurstelselsels tussen enige sfere van staatsliggame nie; en

(f) in ooreenstemming te wees met nasionale ekonomiese beleid met betrekking tot die bevordering van beleggings en handeldryf met die openbare sektor;

(2) Die Munisipaliteit moet ooreenkomstig die voorsieningskanaal bestuursbeleid optree wanneer –

(a) goedere of dienste verkry word;

(b) weggedoen word met goedere wat nie meer benodig word nie.

(c) verskaffers gekeur word om hulp te verleen met die voorsiening van munisipale dienste anders as onder omstandighede soos voorgeskryf in Hoofstuk 8 van die Munisipale Stelselswet; of

(d) eksterne meganismes ingevolge artikel 80 (1) (b) van die Munisipale Stelselswet vir die voorsiening van munisipale dienste onder omstandighede ooreenkomstig artikel 83 van sodanige Wet.

(3) Hierdie beleid, tensy elders voorgeskryf, is nie van toepassing op die verkryging van goedere en dienste ooreenkomstig artikel 110(2) van hierdie Wet nie, insluitend –

(a) Water vanaf die Departement Waterwese of ‘n openbare entiteit, ‘n ander munisipaliteit of ‘n munisipale entiteit; en

(b) Elektrisiteit vanaf Eskom of ‘n ander openbare entiteit, ‘n ander munisipaliteit of ‘n munisipale entiteit.

Wysiging van die voorsieningskanaal bestuursbeleid

3. (1) Die rekenpligtige beampte moet –

(a) Die implementering van hierdie beleid ten minste jaarliks hersien; en

(b) wanneer die rekenpligtige beampte dit nodig ag, voorstelle vir wysiging van hierdie beleid, voorlê aan die raad.

(2) Indien die rekenpligtige beampte konsep wysigings aan die Raad voorlê wat verskil van die modelbeleid uitgereik deur die Nasionale Tesourie, moet die rekenpligtige beampte toesien -

(a) dat sodanige voorgestelde wysigings voldoen aan die Regulasies; en

(b) enige afwyking van die modelbeleid aan die Nasionale Tesourie en betrokke provinsiale tesourie rapporteer.

(3) Wanneer hierdie voorsieningskanaal bestuursbeleid gewysig word, moet die noodsaaklikheid vir eenvormigheid met betrekking tot voorsieningskanaalpraktyke, prosedures en vorms tussen staatsliggame van alle sfere in ag geneem word, veral toegang tot voorsieningskanaal stelsels vir klein besighede.

Delegasie van voorsieningskanaalbestuur magte en pligte

4. (1) Die raad delegeer hiermee sodanige addisionele magte en pligte aan die rekenpligtige beampte ten einde die rekenpligtige beampte in staat te stel om –

(a) die voorsieningskanaal bestuurs verantwoordelikhede toegeken aan die rekenpligtige beampte, uit te voer ingevolge -

(i) Hoofstuk 8 of 10 van die Wet; en

(ii) Hierdie beleid..

(b) om die administratiewe en operasionele doeltreffendheid met die implementering van die voorsieningskanaal bestuursbeleid ten volle te benut;

(c) om redelike koste-effektiewe maatreëls in te stel vir die voorkoming van bedrog, korrupsie, begunstiging asook onbillike en onreëlmatige praktyke met die implementering van die voorsieningskanaal bestuursbeleid; en

(d) om te voldoen aan die verantwoordelikhede ooreenkomstig artikel 115 en ander betrokke voorwaardes van die Wet.

(2) Artikels 79 en 106 van die Wet is van toepassing op die subdelegasie van magte en pligte gedelegeer aan ‘n rekenpligtige beampte ingevolge die bepalings van subparagraaf (1).

(3) Die rekenpligtige beampte mag nie enige voorsienings-kanaalbestuur magte of pligte subdelegeer aan ‘n persoon wie nie ‘n beampte van die munisipaliteit is nie, of aan ‘n komitee wat nie uitsluitlik bestaan uit beamptes van die munisipaliteit nie.

(4) Hierdie paragraaf mag nie gelees word asof ‘n beampte, aan wie die mag gedelegeer is om finale toekennings te maak, ‘n finale toekenning tydens ‘n mededingende bodproses kan maak anders as deur middel van die komiteestelsel ooreenkomstig paragraaf 26 van hierdie beleid.

Subdelegasies

5. (1) Die rekenpligtige beampte mag ingevolge artikel 79 of 106 van die Wet, enige voorsieningskanaalbestuur magte en pligte subdelegeer, insluitend dié gedelegeer aan die rekenpligtige beampte ingevolge hierdie beleid, maar enige sodanige subdelegasie moet in ooreenstemming wees met subparagraaf (2) van hierdie beleid.

(2) Die mag om ‘n finale toekenning te maak -

(a) bo R10 miljoen (BTW ingesluit) mag nie deur die rekenpligtige beampte gesubdelegeer word nie;

(b) meer as R2 miljoen (BTW ingesluit), maar nie meer as R10 miljoen (BTW ingesluit), kan gesubdelegeer word, maar slegs aan ‘n bod toekenningskomitee waarvan die hoof finansiële beampte of ‘n senior bestuurder lid is;

(c) nie meer as R2 miljoen (BTW ingesluit) kan gesubdelegeer word, maar slegs aan :
(a) die Hoof Finansiële Beampte ;
(b) ‘n Senior Bestuurder ;
(c) ‘n Bestuurder wat direk aan die Hoof Finansiële Beampte verantwoording doen of ‘n Senior Bestuurder of
(d) ‘n Bodtoekenningskomitee

(3) die bodtoekenningskomitee aan wie die mag om finale toekennings te maak, gesubdelegeer is ooreenkomstig subparagraaf (2), moet binne vyf werksdae na die einde van elke maand, ‘n skriftelike verslag voorlê aan die rekenpligtige beampte wat besonderhede bevat van elke finale toekenning wat deur sodanige komitee gemaak is gedurende die maand, insluitend -

(a) die bedrag van die toekenning;

(b) die naam van die persoon aan wie die toekenning gemaak is; en

(c) die rede hoekom die toekenning aan sodanige persoon gemaak is

(4) Subparagrawe (3) van hierdie beleid is nie van toepassing op kleinkas aankope nie.

(5) Geen voorsieningskanaalbestuur besluitnemende magte mag gedelegeer word aan ‘n raadgewer of konsultant nie.

Oorsigrol deur die raad

6. (1) Die raad behou die reg voor om ‘n oorsigrol te hê met betrekking tot die implementering van hierdie voorsieningskanaal bestuursbeleid.

(2 voorsieningskanaal bestuursbeleid voorlê aan di e burge- meester.)

Vir die doeleindes van sodanige oorsigrol, moet die rekenpligtige beampte -

(a) (i) in die geval van ’n munisipaliteit binne 30 dae na die einde van elke finansiële jaar, ‘n verslag aan die raad van die munisipaliteit voorlê oor die implementering van die voorsieningskanaal bestuursbeleid en enige munisipale entiteit onder die uitsluitlike of gedeelde beheer van die munisipaliteit;

(ii) in die geval van ’n munisipale entiteit, binne 20 dae na die einde van elke finansiele jaar, ’n verslag oor die implimentering van die munisipale entiteit se voorsieningskanaalbestuursbeleid aan die raad van direkteure voorle, wie dan sodanige verslag aan die rekenpligtige beampte van die moeder munisipaliteit moet voorle vir voorlegging aan die raad ingevolge subparagraaf (i)

(iii) wanneer ernstige en wesenlike probleme ontstaan met die implementering van beleid, onmiddellik ‘n verslag voorlê aan die Raad, wat dan die verslag aan die rekenkunpligte beampte van die moeder munisipaliteit voorlê vir voorlegging aan die Raad..

(3) Die rekenpligtige beampte moet binne 10 dae na die einde van elke kwartaal, ‘n verslag oor die implementering van die voorsieningskanaal bestuursbeleid voorlê aan die Burgemeester.

(4) Die verslae moet in die openbaar bekendgemaak word ooreenkomstig artikel 21A van die Munisipale Stelselswet.

Voorsieningskanaal bestuurseenheid

7. (1) ‘n Voorsieningskanaal bestuurseenheid moet ingestel word om hierdie beleid te implementeer.

(2) Die voorsieningskanaal bestuurseenheid funksioneer onder die direkte toesig van die hoof finansiële beampte of ‘n beampte aan wie hierdie plig gedelegeer is ingevolge artikel 82 van die Wet.

Opleiding van voorsieningskanaalbestuur beamptes

8. Die opleiding van beamptes betrokke met die implementering van die voorsieningskanaal bestuursbeleid moet ooreenkomstig enige Tesourie riglyne ten opsigte van voorsieningskanaalbestuur opleiding geskied.

Hoofstuk 2

RAAMWERK VIR VOORSIENINGSKANAAL BESTUURSBELEID

Formaat vir Voorsieningskanaalbeleid

9. Hierdie beleid moet efektiewe stelsels uiteensit vir -

(i) Aanvraagbestuur

(ii) Verkrygingsbestuur

(iii) Logistieke bestuur

(iv) Beskikingsbestuur

(v) Risiko bestuur; en

(vi) Prestasie bestuur

Deel 1 : Aanvraagbestuur

Aanvraagbestuurstelsel

10. (1) Die rekenpligtige beampte moet ‘n geskikte bestuurselsel vestig en implementeer ten einde te verseker dat die bronne wat benodig word deur die munisipaliteit, sy operasionele verpligtinge en sy strategiese doelwitte, soos uiteengesit in die Geintegreerde Ontwikkelingsplan, ondersteun.

(2) Die aanvraagbestuurstelsel moet -

(a) Tydige beplannings- en bestuursprosesse insluit om te verseker dat alle goedere en dienste benodig deur die munisipaliteit, gekwantifiseer, begroot, betyds en doeltreffend gelewer word aan die korrekte bestemmings en op kritieke afleweringsdatums en die geskikte kwaliteit en kwantiteit teen ‘n redelike koste is.

(b) enige voordele in ag neem ten opsigte van ekonomie van skaal wat verkry kan word in die geval van verkrygings wat herhalend van aard is; en

(c) voorsiening maak vir die samestelling van die vereiste spesifikasies om te verseker dat behoeftes vervul word.

. ***Deel 2 : Verkrygingbestuur***

11. (1) Die rekenpligtige beampte moet die stelsel van verkryging soos in hierdie gedeelte uiteengesit, implementeer ten einde te verseker –

(a) dat goedere en dienste aangekoop word deur die munisipaliteit ooreenkomstig goedgekeurde prosesse

(b) dat uitgawes ten opsigte van goedere en dienste aangegaan is ooreenkomstig ‘n goedgekeurde begroting ingevolge artikel 15 van die Wet;

(c) dat voldoen is aan die perke van die onderskeie verkrygingsprosesse;

(d) dat bod dokumentasie, evaluasie en toekenningskriteria sowel as algemene voorwaardes van ‘n kontrak in ooreenstemming is met enige toepaslike wetgewing; en

(e) dat enige Tesourie riglyne met betrekking tot verkrygingbestuur behoorlik in ag geneem word: .

(2). Wanneer goedere of dienste aangekoop word ooreenkomstig artikel 110(2) van die Wet, moet die rekenpligte beampte in die openbaar bekend maak dat sodanige goedere of dienste aangekoop is anders as deur die munisipaliteit se voorsieningskanaal bestuurselsel, insluitend -

(a) die tipe goedere of dienste; en

(b) die naam van die verskaffer.

Reeks van verkrygingsprosesse

12. (1) Goedere en dienste mag slegs soos volg aangekoop word -

(a) kleinkas aankope, tot en met ‘n transaksie waarde van R2 000 (BTW ingesluit);

(b) geskrewe of mondelinge kwotasies vir aankope met ‘n transaksie waarde tot R10 000 (BTW ingesluit);

(c) formele geskrewe pryskwotasies vir aankope met ‘n transaksie waarde van meer as R10 000 tot R200 000 (BTW ingesluit); en

(d) ‘n Mededingende bodproses ten opsigte van -

(i) aankope hoër as ‘n transaksie waarde van R200 000 (BTW ingesluit); en

(ii) die verkryging van langtermyn kontrakte.

(2) Die rekenpligtige beampte kan skriftelik -

(a) die verskillende perke soos gespesifiseer in subparagraaf (1) verminder, maar nie vermeerder nie; en

(b) opdrag gee dat -

(i) formele geskrewe pryskwotasies verkry word vir enige spesifieke aankope met ‘n transaksiewaarde van minder as R10 000; of

(ii) ‘n mededingende bodproses gevolg word vir enige spesifieke aankope met ‘n transaksiewaarde van minder as R200 000.

(3) Goedere of dienste mag nie doelbewus opgedeel word in gedeeltes of items van ‘n mindere waarde ten einde bloot die vereistes van die beleid te vermy nie. Wanneer die transaksie waardes bepaal

word, moet goedere of dienste wat uit verskillende gedeeltes of items bestaan sover moontlik as ‘n enkele transaksie hanteer word.

Algemene voorskrifte vir oorweging van ‘n geskrewe kwotasie of bod

13. ‘n Geskrewe kwotasie of bod mag nie oorweeg word nie mits die verskaffer wat die kwotasie of bod ingedien het -

(a) die volgende besonderhede verskaf het ten opsigte van die verskaffer -

(i) volle naam;

(ii) identifikasie-, maatskappy- of ander registrasienommer; en

(iii) belastingverwysingnommer en BTW registrasienommer, indien enige.

(b) die munisipaliteit gemagtig het om ‘n belastingklaringsertifikaat vanaf die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te verkry dat die verskaffer se inkomstebelastingsake in orde is; en

(c) aangedui het –

(i) of hy of sy in diens is van die staat, of in die voorafgaande twaalf maande in diens was van die staat ;

(ii) indien die verskaffer nie ‘n natuurlike persoon is nie, of enige van sy direkteure, bestuurders, hoofaandeelhouers of belanghebbendes in diens is van die staat, of in die voorafgaande twaalf maande in diens was van die staat; of

(iii) ‘n gade, kind of ouer van die verskaffer of van ‘n direkteur, bestuurder, aandeelhouer of belanghebbende waarna verwys in subparagraaf (ii) in diens is van die staat, of in die voorafgaande twaalf maande in diens was van die staat.

Lyste van geakkrediteerde voornemende verskaffers

14. (1) Die rekenpligtige beampte moet –

(a) ‘n Lys byhou van geakkrediteerde voornemende verskaffers van goedere en dienste wat gebruik kan word vir die aankoop vereistes deur middel van geskrewe of mondelinge kwotasies en formele geskrewe pryskwotasies; en

(b) ten minste, eenkeer per jaar deur middel van plaaslike koerante, die webtuiste of enige ander toepaslike wyse, voornemende verskaffers van goedere of dienste uitnooi om aansoek te doen vir evaluering en aantekening as geakkrediteerde voornemende verskaffer.

(c) die lys kriteria vir geakkrediteerde voornemende verskaffers spesifiseer; en

(d) nie die naam van ‘n voornemende verskaffer lys wie se naam op die Nasionale Tesourie se databasis verskyn as ‘n persoon wat verhoed is om handel te dryf met die publieke sektor nie;

(2) Die lys moet ten minste kwartaalliks opgedateer word ten einde enige addisionele voornemende verskaffers en enige nuwe kommoditeite of tipes dienste, in te sluit. Voornemende verskaffers moet toegelaat word om op enige tydstip aansoeke in te dien om gelys te word.

(3) Die lys moet per kommoditeit en per tipe diens saamgestel word.

Kleinkasaankope

15. Die voorwaardes vir die aankoop van goedere deur middel van kleinkasaankope ingevolge paragraaf 12(1)(a) van hierdie beleid, is soos volg: -

(a) Die Rekenpligtige beampte bepaal die voorwaardes waaronder die Hoof Finansiele beampte verantwoordelikheid vir die kleinkas kan delegeer aan ‘n beampte wat aan hom raporteer

(b) Die Rekenpligtige beampte bepaal die maksimum aantal kleinkasaankope of die maksimum bedrae per maand ten opsigte van elke bestuurder;

(c) Die Rekenpligtige beampte bepaal enige tipe uitgawe uit kleinkasaaniope, wat uitgesluit is, waar nodig geag;

(d) ‘n Maandelikse rekonsiliasieverslag vanaf elke bestuurder moet voorsien word aan die Hoof Finansiële beampte, insluitend -

(i) die totale bedrag kleinkasaankope vir daardie maand; en

(ii) kwitansies en toepaslike dokumente vir elke aankoop.

Geskrewe of mondelinge kwotasies (artikel 12(b))

16. Die voorwaardes vir die verkryging van van goedere of dienste deur middel van skriftelike of mondelinge kwotasies is soos volg: -

(a) dat kwotasies bekom moet word vanaf verkieslik ten minste drie verskillende verskaffers, maar nie beperk tot verskaffers wie se name op die lys van geakkrediteerde voornemende verskaffers van die munisipaliteit verskyn nie, met dien verstande dat mits kwotasies bekom word van verskaffers wie nie gelys is nie, hulle voldoen aan die lyskriteria van die voorsieningskanaal bestuursbeleid ooreenkomstig 14(1)(b) en (c) van hierdie beleid;

(b) dat verskaffers, sover dit moontlik haalbaar is, versoek word om skriftelike kwotasies voor te lê.

(c) dat indien dit nie moontlik is om ten minste drie kwotasies te bekom nie, die redes daarvoor aangeteken word en kwartaalliks voorgelê word aan die rekenpligtige beampte of ander beampte aangewys deur die rekenpligtige beampte;

(d) dat die rekenpligtige beampte die name aanteken van die voornemende verskaffers, wie versoek is om kwotasies voor te lê met die gekwoteerde pryse; en

(e) dat indien ‘n kwotasie mondeling gelewer is, die bestelling slegs geplaas kan word nadat skriftelike bevestiging ontvang is van die gekose verskaffer.

Formele geskrewe pryskwotasies (artikel 12 (c))

17. (1) Die voorwaardes vir die verkryging van goedere of dienste deur middel van formele geskrewe pryskwotasies, is soos volg -

(a) dat skriftelike kwotasies bekom word vanaf ten minste drie verskillende verskaffers wie se name verskyn op die lys van geakkrediteerde voornemende verskaffers van die munisipaliteit;

(b) dat kwotasies bekom mag word vanaf verskaffers wat nie gelys is nie, met dien verstande dat sodanige verskaffers voldoen aan die lyskriteria in die voorsieningskanaal bestuursbeleid ooreenkomstig paragraaf 14(1)(b) en (c) van hierdie beleid;

(c) dat, indien dit nie moontlik is om ten minste drie kwotasies te bekom nie, die redes aangeteken en goedgekeur word deur die hoof finansiële beampte of ‘n beampte aangewys deur die hoof finansiële beampte; en

(d) dat die rekenpligtige beampte die name van die voornemende verskaffers en hulle geskrewe kwotasies aanteken.

(2) ‘n Beampte wat aangewys is ooreenkomstig subparagraaf (1) (c) moet binne drie dae na die einde van elke maand verslag lewer aan die hoof finansiële beampte oor enige goedkeurings toegestaan gedurende sodanige maand deur die beampte ooreenkomstig sodanige subparagraaf.

Prosedures vir die verkryging van goedere of dienste deur middel van geskrewe of mondelinge kwotasies en formele geskrewe pryskwotasies

18. Die prosedure vir die verkryging van goedere of dienste is soos volg :

(a) Wanneer die lys van geakkrediteerde voornemende verskaffers gebruik word, moet die rekenpligtige beampte deurlopende kompetisie

bevorder tussen verskaffers deur hulle te nooi om kwotasies op ‘n rotasiebasis voor te lê;

(b) Alle benodigdhede wat R30 000 (BTW ingesluit) oorskry moet benewens die vereistes van paragraaf 17 vir ten minste sewe dae op die webtuiste en op die amptelike kennisgewingbord van die munisipaliteit verskyn.

(c) Aanbiedinge wat ontvang word, moet op ‘n vergelykende grondslag geëvalueer word, met inagneming van onvoorwaardelike voorwaardes;

(d) die rekenpligtige beampte of hoof finansiële beampte moet op ‘n maandelikse grondslag toesien dat die verkryging van goedere of dienste deur middel van geskrewe of mondelinge kwotasies of formele geskrewe pryskwotasies nie misbruik word.

(e) die rekenpligtige beampte of hoof finansiële beampte moet maandeliks skriftelik verwittig word ten opsigte van alle geskrewe of mondelinge kwotasies en formele skriftelike pryskwotasies soos aanvaar deur ‘n beampte wat optree ingevolge ‘n subdelegasie.

(f) Aanbiedinge minder as R30 000 (BTW ingesluit) moet toegeken word op grond van nakoming van kontrak spesifikasies en voorwaardes, vermoë en bekwaamheid om goedere en dienste teen die laagste prys te lewer.

(g) Aanvaarbare aanbiedinge, onderworpe aan die voorkeurpunte stelsel en verwante regulasies, moet toegestaan word aan die bieër wie die hoogste punte aangeteken het.

Mededingende bodproses

19. (1) Goedere of dienste wat ‘n transaksie waarde van R200 000 (BTW ingesluit) oorskry, asook langtermyn kontrakte, kan slegs verkry word deur middel van ‘n mededingende bodproses, onderworpe aan paragraaf 11(2) van hierdie beleid;

(2) Geen verkryging van goedere of dienste wat ‘n beraamde transaksie waarde van R200 000 (BTW ingesluit) oorskry, mag doelbewus opgedeel word in gedeeltes of items van ‘n mindere waarde om bloot goedere en dienste anders as deur ‘n mededingende bodproses te verkry.

Proses vir mededingende botte

20. Die rekenpligtige beampte moet prosedures neerlê vir ‘n mededingende bodproses vir elk van die volgende fases:

(a) die samestelling van mededingende boddokkumentasie, soos omskryf in paragraaf 21

(b) publieke uitnodiging vir botte omskryf in paragraaf 22

(c) terreinvergaderings of inligtingsessies,soos omskryf in paragraaf 23

(d) die hantering van botte wat ingedien is na afloop van die publieke uitnodiging soos omskryf in paragraaf 23

(e) die evaluering van botte soos omskryf in paragraaf 28

(f) die toekenning van kontrakte;

(g) die administrasie van kontrakte

(i) Na goedkeuring van ‘n bod, moet die rekenpligte beampte en die bieër ‘n skriftelike ooreenkoms aangaan.

(h) behoorlike rekordhouding:

(i) Oorspronklike/geregtelike skriftelik ooreengekome ooreen-komste moet veilig bewaar word vir verwysingsoeleindes.

Bod dokumentasie vir mededingende botte

21. Die kriteria waaraan boddokumentasie moet voldoen, moet

(a) in ag neem -

(i) die algemene kontrakvoorwaardes en enige spesiale voorwaardes van die kontrak indien gespesifiseer.;

(ii) enige Tesourie riglyne omtrent boddokumentasie; en

(iii) die vereistes van die Konstruksie Nywerheidsontwikkelingsraad, in die geval van ‘n bod wat verband hou met konstruksie, opgradering of opknap van geboue of infrastruktuur;

(b) die insluiting van die voorkeurpuntestelsel wat gebruik word, doelwitte soos oorweeg in die voorkeurverkryging regulasies en toekenningskriteria, sowel as kriteria wat deur ander toepaslike wetgewing vereis word;

(c) bieërs is verplig om enige konflik van belang te verklaar ten opsigte van enige transaksie waarvoor die bod ingedien word;

(d) indien verwag word dat die waarde van die transaksie R10 miljoen (BTW ingesluit) kan oorskry, moet bieërs die volgende voorsien -

(i) indien wetgewing vereis dat die bieër jaarliks finansiële state moet voorberei vir ouditering, die geouditeerde jaarlikse finansiële state;

(aa) vir die afgelope drie jare; of

(bb) indien die besigheid nie drie jaar bestaan nie vir sodanige korter periode.

(ii) ‘n sertifikaat wat deur die bieër onderteken is wat sertifiseer dat die bieër geen onbetwiste verpligtinge het ten opsigte van munisipale dienste aan ‘n munisipaliteit of ander diensverskaffer ten opsigte van sodanige betaling wat langer as 30 dae uitstaande is nie.

(iii) besonderhede van enige kontrakte toegeken aan die bieër deur ‘n staatsliggaam oor die afgelope vyf jaar, insluitend besonderhede van enige materiële nie-nakoming of dispuut rakende die uitvoering van sodanige kontrak.

(iv) ‘n staat waarop aangedui word of enige gedeelte van die goedere of dienste vanaf buite die Republiek bekom word en, indien wel, watter gedeelte en of verwag word dat enige gedeelte van betalings vanaf die munisipaliteit vanuit die Republiek oorgedra gaan word; en

(e) stipuleer dat dispute bemiddel word deur gemeenskaplike konsultasie (met of sonder regsverteenwoordiging) of, indien onsuksesvol, in ‘n Suid-Afrikaanse geregshof;

Publieke uitnodiging vir mededingende botte

22. Die prosedure vir die uitnodiging vir mededingende botte, is soos volg:

(a) Enige uitnodiging aan voornemende verskaffers om ‘n bod in te dien, moet deur middel van ‘n publieke kennisgewing in plaaslike koerante, die webtuiste van die munisipaliteit of op enige ander gepaste wyse geskied (wat ‘n advertensie in die Staats Tenderbulletin kan insluit); en

(b) die inligting vervat in ‘n publieke advertensie, moet insluit -

(i) die sluitingsdatum vir die voorlegging van botte, wat nie minder as 30 dae kan wees in die geval van transaksies wat R10 miljoen (BTW ingesluit) oorskry, of van ‘n langtermyn aard, of 14 dae in enige ander geval vanaf die datum waarop die advertensie geplaas is in ‘n koerant, onderworpe aan subparagraaf (2) van hierdie beleid; en

(ii) ‘n kennisgewing dat botte slegs voorgelê mag word op die boddokumentasie voorsien deur die munisipaliteit.

(iii) datum, tyd en plek van enige voornemende terreinvergaderings of inligtingsessies.

(2) Die rekenpligtige beampte kan ‘n sluitingsdatum, wat minder is as die 30 dae of 14 dae wat vereis word, vasstel vir die voorlegging van botte, maar slegs indien sodanige korter tydperk geregverdig kan word op grond van noodsaaklikheid of dringendheid of noodgeval of enige ander uitsonderlike geval waar dit onprakties of onmoontlik is om die amptelike verkrygingsproses te volg.

(3) Botte wat ingedien is, moet verseël wees.

(4) Waar botte in elektroniese formaat aangevra word, moet sodanige botte aangevul word met verseëlde dokumentasie.

Prosedure met die hantering, oopmaak en aanteken van botte

23. Die prosedure vir die hantering, oopmaak en aanteken van botte is soos volg:

(a) Botte -

(i) moet in die openbaar oopgemaak word; en

(ii) moet oopgemaak word op dieselfde tyd of so spoedig moontlik nadat die typerk vir die voorlegging van botte verstryk het.

(iii) na die tyd ontvang, behoort nie oorweeg te word nie en moet onmiddellik as sodanig geindoseer en onoopgemaak gelaat word.

(b) enige bieër of lid van die publiek het die reg om te versoek dat die name van bieërs wat hulle bod betyds ingehandig het, uitgelees mag word en, indien prakties moontlik, ook elke bieër se totale bodprys; en

(c) Geen inligting, behalwe die voorwaardes in paragraaf (b) wat verband hou met die bod, mag aan bieërs of ander persone bekendgemaak word nie totdat die suksesvolle bieërs in kennis gestel is van die toekenning; en

(d) die rekenpligtige beampte moet -

(i) alle botte wat betyds ontvang is, aanteken in ‘n register

(ii) die register beskikbaar maak vir publieke inspeksie; en

(iii) die aantekeninge in die register en die bodresultate op die webtuiste plaas.

Onderhandelinge met voorkeur bieërs

24. (1) Die rekenpligtige beampte kan die finale voorwaardes van ‘n kontrak onderhandel met bieërs wie deur ‘n mededingende bodproses geidentifiseer is as voorkeur bieërs, mits sodanige onderhandeling –

(a) nie ‘n ander voorkeur bieër ‘n tweede en onregverdige kans gee nie;

(b) nie tot die nadeel van enige ander bieër is nie; en

(c) nie aanleiding gee tot ‘n hoër prys as die bod wat voorgelê is nie.

(2) Notules van sodanige onderhandelinge moet vir rekorddoeleindes bewaar word.

Twee-fase bodproses

25. (1) ‘n Twee-fase bodproses word toegelaat ten opsigte van –

(a) groot ingewikkelde projekte;

(b) projekte waar dit onvanpas sou wees om volledige, gedetailleerde tegniese spesifikasies voor te berei; of

(c) langtermyn projekte waarvan die termyn langer as drie jaar is.

(2) Tydens die eerste fase moet tegniese voorleggings met betrekking tot konseptuele ontwerpe of prestasie spesifikasies aangevra word, onderworpe aan tegniese sowel as handelsverklarings en –wysigings.

(3) Tydens die tweede fase moet finale tegniese voorleggings en prysgekwoteerde botte aangevra word.

Komiteestelsel vir mededingende botte

26. (1) ‘n Komiteestelsel bestaande uit die volgende komitees moet ingestel word vir elke verkryging of gedeeltelike verkryging soos bepaal deur die rekenpligtige beampte.

(i) ‘n Bodspesifikasie komitee;

(ii) ‘n Bodevalueringskomitee; en

(iii) ‘n Bodtoekenningskomitee.

(2) Die rekenpligte beampte stel die lede van elke komitee aan ooreenkomstig artikel 117 van die Wet; en

(3) ‘n Neutrale of onafhanklike waarnemer kan, wanneer nodig geag deur die rekenpligtige beampte, aangestel word om ’n komiteesitting by te woon ten einde regverdigheid te verseker en deursigtigheid te bevorder.

(4) Die komiteestelsel moet in ooreenstemming wees met -

(a) paragraaf 27, 28 en 29 van hierdie beleid; en

(b) enige ander toepaslike wetgewing.

(5) Die rekenpligtige beampte kan die komiteestelsel ook van toepassing maak op formele geskrewe pryskwotasies.

Bodspesifikasiekomitee

27. (1) ‘n Bodspesifikasiekomitee moet die spesifikasies saamstel ten opsigte van elke verkryging van goedere of dienste deur die munisipaliteit of munisipale entiteit.

(2) Spesifikasies -

(a) moet op ‘n regverdige wyse saamgestel word ten einde alle voornemende verskaffers die geleentheid te gee om hulle goedere of dienste aan te bied;

(b) moet enige aanvaarde standaarde in ag neem, soos byvoorbeeld standaarde uitgereik deur *Standards South Africa*, die *International Standards Organisation,* of ‘n owerheid wat geakkrediteer is of erken word deur die *South African National Accreditation System* waaraan toerusting of materiale of vakmankskap moet voldoen;

(c) moet waar moontlik, ooreenkomstig werksverrigting omskryf word, eerder as beskrywende ontwerpkenmerke;

(d) mag nie ‘n handelsbeperking veroorsaak in enige kontrakvereistes in die vorm van spesifikasies, planne, tekeninge, ontwerpe, toets- en toetsingmetodes, verpakking, merk of etikettering of nakoming sertifisering nie;

(e) mag nie verwys na enige spesifieke handelsmerk, naam, patent, ontwerp, tipe, spesifieke bron of produsent tensy daar geen ander behoorlike, presiese manier is om die kenmerke van die werk te beskryf nie, in welke geval sodanige verwysing vergesel moet wees deur die woorde ‘ekwivalent’

(f) moet elke spesifieke doelwit aandui waarvoor punte toegeken kan word ooreenkomstig die puntestelsel soos uiteengesit in die Voorkeur-verkrygingsregulasies 2001; en

(g) moet goedgekeur wees deur die rekenpligtige beampte voor die publikasie van die boduitnodiging ooreenkomstig paragraaf 22 van hierdie beleid.

(3) Die bodspesifikasiekomitee moet bestaan uit een of meer beamptes van die munisipaliteit, verkieslik die bestuurder verantwoordelik vir die betrokke funksie en, waar toepaslik, kan eksterne kundige raadgewers ingesluit word.

(4) Geen persoon, raadgewer of korporatiewe entiteit betrokke by die bodspesifikasiekomitee of direkteur van sodanige korporatiewe entiteit, mag bie op enige voortspruitende kontrakte nie.

Bodevalueringskomitees

28. (1) Die bodevalueringskomitee moet –

(a) botte evalueer ooreenkomstig -

(i) die spesifikasies vir ‘n spesifieke verkryging; en

(ii) die puntestelsel soos uiteengesit ooreenkomstig artikel 27(2)(f).

(b) elke bieër se vermoë om die kontrak na te kom, evalueer;

(c) seker maak dat die voornemende bieër se munisipale erfbelastings en munisipale diensteheffings nie agterstallig is nie; en

(d) ‘n verslag met aanbevelings voorlê aan die toekenningskomitee ten opsigte van die toestaan van ‘n bod of enige ander verwante aangeleentheid.

(2) Die bodevalueringskomitee moet sover moontlik bestaan uit -

(a) beamptes uit departemente wat die goedere of dienste benodig en

(b) ten minste een voorsieningskanaal bestuurspraktisyn van die munisipaliteit.

Bodtoekenningskomitee

29. (1) Die bodtoekenningskomitee moet –

(a) die verslag en aanbevelings van die bodevalueringskomitee oorweeg; en

(b) of -

(i) afhangende van sy delegasies, ‘n finale toekenning of aanbeveling maak aan die rekenpligtige beampte om die finale toekenning te maak; of

(ii) ‘n ander aanbeveling maak aan die rekenpligtige beampte oor hoe om voort te gaan met die betrokke verkryging.

(2) ’n Bodtoekenningskomitee moet uit ten minste vier senior bestuurders van die munisipaliteit bestaan en moet insluit -

(a) die hoof finansiële beampte of, indien die hoof finansiële beampte nie beskikbaar is nie, ‘n ander bestuurder in die begrotings- en tesouriekantoor wat direk rapporteer aan die hoof finansiële beampte en aangewys is deur die hoof finansiële beampte;

(b) ten minste een senior voorsieningskanaal bestuurpraktisyn wie ‘n beampte van die munisipaliteit is;

(c) ‘n tegniese deskundige in die betrokke veld en wie ook ‘n beampte is, indien sodanige kundige bestaan;

(d) die rekenpligtige Beampte kan ‘n sekondant met dieselfde magte as die lid , tydelik aanstel ten tye van afwesigheid van lede weens siekte of verlof; en

(e) ‘n Kworum vir die Bodtoekenningskomitee sal bestaan uit , die helfte plus een van die totale aantal lede met stemreg.

(3) Die rekenpligtige beampte moet die voorsitter van die komitee aanwys. Indien die voorsitter afwesig is by ‘n vergadering, moet die komiteelede teenwoordig een van hulle lede kies om as voorsitter op te tree.

(4) geen lid van die bodevalueringskomitee, of ‘n adviseur of persoon wat die evalueringskomitee bystaan, mag ‘n lid van ‘n bodtoekenningskomitee wees nie.

(5) (a) Indien die bodtoekenningskomitee besluit om ‘n bod toe te staan anders as die een aanbeveel deur die bodevalueringskomitee, moet die bodtoekenningskomitee sodanige ander aanbeveling, met redes, aan die rekenpligtige beampte maak nadat hy nagegaan het of die voorkeur verskaffer se munisipale erfbelastings en munisipale diensteheffings nie agterstallig is nie

(b) Die rekenpligtige beampte, moet

(i) na oorweging van die redes vir die afwyking, die aanbeveling van die bodtoekenningskomitee waarna verwys in paragraaf (a) bekragtig of verwerp; en

(ii) indien die aanbeveling van die bodtoekenningskomitee verwerp is, die aanbeveling na die bodtoekenningskomitee terugverwys heroorweging.

(6) Die rekenpligtige beampte kan te enige stadium van ‘n bodproses, enige aanbeveling gemaak deur die evalueringskomitee of die toekenningskomitee, terugverwys na sodanige komitee vir heroorweging van die aanbeveling.

(7) Die rekenpligtige beampte moet binne 10 werksdae voldoen aan artikel 114 van die Wet.

Verkryging van bankdienste

30. (1) ‘n Kontrak vir bankdienste -

(a) moet verkry word deur middel van mededingende botte;

(b) moet in ooreenstemming wees met artikel 7 of 85 van die Wet; en

(c) mag nie ‘n tydperk van meer as vyf jaar op ‘n keer oorskry nie.

(2) Die proses vir die verkryging van ‘n kontrak vir bankdienste moet ten minste nege maande voor die verstryking van ‘n bestaande kontrak, 'n aanvang neem.

(3) Die sluitingsdatum vir die voorlegging van botte mag nie minder as 60 dae vanaf die datum waarop die advertensie in ‘n koerant geplaas is ooreenkomstig paragraaf 22(1), geskied nie. Botte moet beperk word tot banke wat geregistreer is ingevolge die Wet op Banke, 1990 (Wet no. 94 van 1990).

Verkryging van IT-verwante goedere of dienste

31. (1) Die rekenpligtige beampte kan die Staats Inligting Tegnologie Agentskap (SITA) versoek om by te staan met die verkryging van IT-verwante goedere of dienste deur middel van ‘n mededingende bodproses.

(2) Beide partye moet ‘n skriftelike ooreenkoms aangaan ten einde die dienste wat gelewer word, en betalings wat gemaak word aan SITA, te reguleer.

(3) Die rekenpligtige beampte moet SITA verwittig tesame met ‘n motivering van die IT behoeftes as -

(a) die transaksie waarde van IT-verwante goedere of dienste benodig tydens enige finansiële jaar R50 miljoen (BTW ingesluit) oorskry; of

(b) die transaksie waarde van ‘n kontrak wat verkry is, hetsy vir een of meer jare, R50 miljoen (BTW ingesluit), oorskry.

(4) Indien SITA kommentaar lewer op die voorlegging en die munisipaliteit stem nie saam met sodanige kommentaar nie, moet die kommentaar en die redes vir verwerping, voorgelê word aan die raad, die Nasionale Tesourie, die betrokke provinsiale tesourie en die Ouditeur-Generaal.

Verkryging van goedere en dienste ooreenkomstig kontrakte verkry deur ander staatsliggame

32. (1) Die rekenpligtige beampte mag goedere en dienste aankoop ooreenkomstig ‘n kontrak verkry deur ‘n ander staatsliggaam, maar slegs indien

(a) die staatsliggaam die kontrak verkry het deur middel van ‘n mededingende bodproses van toepassing op sodanige staatsliggaam;

(b) daar geen rede bestaan om te glo dat sodanige kontrak nie geldig verkry is nie;

(c) daar wesenlike afslagte of voordele sou wees om dit so te doen; en

(d) die ander staatsliggame en die verskaffer ooreengekom het om sodanige verkryging skriftelik voor te lê.

(2) Subparagraaf (1)(c) en (d) is nie van toepassing nie indien -

(a) ‘n munisipale entiteit goedere of dienste bekom deur middel van ‘n kontrak verkry deur die moeder munisipaliteit; of

(b) ‘n Munisipaliteit goedere of dienste bekom deur middel van ‘n kontrak verkry deur die munisipale entiteit waarvan dit die moeder munisipaliteit is.

Verkryging van goedere wat spesiale veiligheidsmaatreëls verg

33. (1) Die aankoop en berging van goedere in grootmaat (anders as water) wat spesiale veiligheidsmaatreëls verg, insluitend gasse en brandstof, moet sover moontlik vermy word.

(2) Waar die berging van goedere in grootmaat geregverdig is, moet dit gebaseer wees op grondige redes, insluitend die totale koste van eienaarskap, koste voordele en omgewingsimpak en moet deur die rekenpligtige beampte goedgkeur word.

Trots SA Veldtog

34. Die munisipaliteit ondersteun die Trots SA veldtog tot so ‘n mate dat, mits alles gelyk is, voorkeur gegee word aan die verkryging van plaaslike goedere en dienste van -

- Eerstens – verskaffers en besighede binne die munisipaliteit of distrik.
- Tweedens – verskaffers en besighede binne die betrokke provinsie;
- Derdens – verskaffers en besighede binne die Republiek van Suid-Afrika

Aanstelling van konsultante

35. (1) Die rekenpligtige beampte mag konsultasiedienste verkry met dien verstande dat enige Tesourie riglyne ten opsigte van die konsultasiedienste in aggeneem is toe sodanige verkrygings aangegaan is.

(2) ’n Kontrak vir die voorsiening van konsultasiedienste moet verkry word deur mededingende botte, indien -

(a) die waarde van die kontrak vir konsultasiedienste R200 000 (BTW ingesluit) oorskry; of

(b) die termyn van die kontrak een jaar oorskry.

(3) Benewens enige vereistes voorgeskryf deur hierdie beleid ten opsigte van mededingende botte, moet bieërs besonderhede verskaf van -

(a) alle konsultansiedienste verskaf aan ‘n staatsliggaam oor die laaste vyf jaar; en

(b) enige soortgelyke konsultasiedienste verskaf aan ‘n staatsliggaam oor die laaste vyf jaar.

(5) Die rekenpligtige beampte moet toesien dat kopiereg ten opsigte van enige dokument wat geproduseer word, en die patentregte of eienaarskap van enige toerusting, masjinerie, stelsel of proses wat ontwerp of saamgestel is deur ‘n konsultant tydens die tydperk van die konsultasiediens, gesetel is in die munisipaliteit.

Afwyking en goedkeuring van geringe oortredings in die verkrygingsproses

36. (1) Die rekenpligtige beampte kan –

(a) afstand doen van die amptelike verkrygingsprosesse daargestel deur hierdie beleid ten einde enige goedere of dienste te verkry deur enige gepaste proses, wat direkte onderhandelinge mag insluit, maar slegs-

(i) tydens ‘n noodgeval

(ii) indien sodanige goedere of dienste vanaf ‘n enkele verskaffer beskikbaar is of geproduseer word

(iii) vir die aankoop van spesiale kunswerke of historiese voorwerpe waar dit moeilik is om spesifikasies saam te stel

(iv) aankoop van diere vir dieretuine en/of natuur- en wildreservate; of

(v) in enige ander uitsonderlike geval waar dit onprakties of onmoontlik is om die amptelike verkrygingsprosesse te volg; en

(b) enige geringe oortredings van die verkrygingsprosesse deur ‘n beampte of komitee wat optree ingevolge gedelegeerde magte en pligte wat suiwer tegnies van aard is goedkeur.

(2) Die rekenpligtige beampte moet die redes vir enige afwykings aanteken ooreenkomstig subparagrawe (1)(a) en (b) van hierdie beleid en daaroor verslag lewer by die volgende raadsvergadering en ‘n nota insluit by die jaarlikse finansiële state.

(3) Subparagraaf (2) is nie van toepassing op die verkryging van goedere en dienste ingevolge paragraaf 11(2) van hierdie beleid nie.

Ongevraagde Botte

37. (1) Ooreenkomstig artikel 113 van die Wet is daar geen verpligting om botte, wat buite die normale bodproses ontvang is, te oorweeg nie.

(2) Die rekenpligtige beampte kan ‘n ongevraagde bod ooreenkomstig artikel 113(2) van die Wet oorweeg, maar slegs indien -

(a) die produk of diens aangebied ingevolge die bod ‘n bewese unieke of inoverende konsep is;

(b) die rekenpligtige beampte bevind dat grondige redes bestaan waarom die normale bodprosesse nie gevolg is nie.

(c) die persoon wie die bod gemaak het, die alleenverskaffer is van die produk of diens; en

(d) daar ’n buitengewone voordeel of besondere kostebesparing vir die munisipaliteit of munisipale entiteit teweeg gebring sal word

(3) Indien die rekenpligtige beampte besluit om ‘n ongevraagde bod wat voldoen aan paragraaf (2) van hierdie beleid, te oorweeg, moet die besluit in die

openbaar bekend gemaak word ooreenkomstig artikel 21A van die Munisipale Stelselswet, tesame met –

(a) redes waarom die bod nie oop moet wees vir ander bieërs nie;

(b) ‘n uiteensetting van die moontlike voordele sou die ongevraagde bod aanvaar word; en

(c) ‘n uitnodiging aan die publiek of ander voornemende verskaffers om kommentaar te lewer binne 30 dae vanaf datum van die kennisgewing

(4) Die rekenpligtige beampte moet alle skriftelike kommentaar ontvang ooreenkomstig subparagraaf (3) insluitend enige reaksie van die ongevraagde bieër, voorlê aan die Nasionale Tesourie en die betrokke provinsiale tesourie vir kommentaar.

(5) Die toekenningskomitee moet die ongevraagde bod oorweeg en kan, afhangende van sy delegasies, die bod toestaan of ‘n aanbeveling maak aan die rekenpligtige beampte.

(6) ‘n Vergadering van die toekenningskomitee om ‘n ongevraagde bod te oorweeg, moet oop wees vir die publiek.

(7) Wanneer die saak oorweeg word, moet die toekenningskomitee in ag neem -

(a) enige kommentaar voorgelê deur die publiek; en

(b) enige skriftelike kommentaar en aanbevelings van die Nasionale Tesourie of die betrokke provinsiale tesourie.

(8) Indien enige aanbevelings van die Nasionale Tesourie of provinsiale tesourie verwerp word of nie nagekom word nie, moet die rekenpligtige beampte redes vir die verwerping of nie-nakoming van sodanige aanbevelings, voorlê aan die Ouditeur-Generaal, die betrokke provinsiale tesourie en die Nasionale Tesourie.

(9) Sodanige voorlegging moet plaasvind binne sewe dae na die besluit oor die toekenning van die ongevraagde bod, maar geen kontrak wat die munisipaliteit bind tot die bod mag aangegaan of onderteken word binne 30 dae na die voorlegging nie.

Voorkoming van misbruik van die voorsieningskanaal bestuursbeleid

38. (1) Die rekenpligtige beampte moet -

(a) Alle redelike stappe neem om misbruik van die voorsieningskanaal bestuurstelsel te voorkom;

(b) enige bewerings teen ‘n beampte of ander rolspeler ondersoek ten opsigte van bedrog, korrupsie, begunstiging, onregverdige en onreëlmatige praktyke of gebruike ten einde te voldoen aan die voorsieningskanaal bestuursbeleid, en wanneer geregverdig –

(i) gepaste stappe neem teen sodanige beampte of ander rolspeler; of

(ii) enige beweerde kriminele gedrag aan die Suid-Afrikaanse Polisie Dienste rapporteer.

(c) die Nasionale Tesourie databasis nagaan voordat enige kontrak toegestaan word ten einde te verseker dat geen aanbevole bieër, of enige van sy direkteure, gelys is as ‘n persoon wat nie mag handel dryf met die publieke sektor nie;

(d) enige bod verwerp -

(i) indien enige munisipale erfbelastings of munisipale diensteheffings verskuldig deur die bieër of enige van sy direkteure aan die munisipaliteit, of aan enige ander munisipaliteit, vir meer as drie maande agterstallig is; of

(ii) gedurende die laaste vyf jaar nie voldoende presteer het nie ten opsigte van ‘n vorige kontrak met die munisipaliteit of enige ander staatsliggaam, nadat skriftelike kennisgewing gegee is aan sodanige bieër dat prestasie onbevredigend was;

(e) enige aanbeveling vir die toekenning van ‘n kontrak verwerp, indien die aanbevole bieër, of enige van sy direkteure, korrupsie of bedrog gepleeg het tydens die kompetering vir die betrokke kontrak;

(f) ‘n Kontrak wat toegestaan is aan ‘n persoon kanselleer, indien -

(i) die persoon korrupsie of bedrog gepleeg het tydens die bodproses of die uitvoering van die kontrak; of

(ii) ‘n beampte of ander rolspeler enige bedrog of korrupsie gepleeg het gedurende die bodproses of die uitvoering van die kontrak wat sodanige persoon bevoordeel het; en

(g) die bod of bieër verwerp indien sodanige bieër of enige van sy direkteure -

(i) die voorsieningskanaal bestuurstelsel van die munisipaliteit misbruik het of enige onbetaamlike gedrag geopenbaar het ten opsigte van sodanige stelsel;

(iii) skuldig bevind is aan bedrog of korrupsie die afgelope vyf jaar;

(iv) met opset versuim of nalaat om te voldoen aan enige staats-,

munisipale of ander openbare sektor kontrak die afgelope vyf jaar; of

(v) gelys is in die Register vir Tender Oortreders ingevolge artikel 29 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Aktiwiteite (No. 12 van 2004).

. (2) Die rekenpligtige beampte moet die Nasionale Tesourie en relevante provinsiale tesourie skriftelik verwittig ten opsigte van enige stappe geneem ingevolge subparagrawe (1)(b)(ii), (e) of (f) van hierdie beleid.

Deel 3 : Logistiek, Wegdoen, Risiko en Prestasie Bestuur

Logistieke Bestuur

39. Die rekenpligtige beampte moet ‘n doeltreffende stelsel van logistieke bestuur instel wat die volgende moet insluit -

(a) Die monitering van spandeerpatrone ten opsigte van kapitalebates wat die kodering van items, sover prakties, insluit ten einde te verseker dat elke bate ‘n unieke nommer het;

(b) die daarstel van voorraadvlakke wat die minimum en maksimum vlakke en tye insluit wanneer goedere op voorraad geneem word.

(c) die plasing van handgeskrewe of elektroniese bestellings vir alle aankope anders as uit die kleinkas.

(d) voordat betaling goedgekeur word moet die verantwoordelike beampte ‘n sertifikaat uitreik dat goedere en dienste ontvang is of betyds gelewer is ooreenkomstig die bestelling, die algemene voorwaardes van die kontrak en spesifikasies, waar van toepassing, en die prys gehef soos gekwoteer is onder die kontrakvoorwaardes.

(e) behoorlike standaarde van interne beheer en pakhuisbestuur ten einde te verseker dat goedere wat in magasyne geberg word, veilig is en slegs aangewend word vir die doeleindes waarvoor dit aangekoop is.

(f) gereelde kontrole ten einde te verseker dat alle bates, insluitend amptelike voertuie, behoorlik in stand gehou word en slegs vir amptelike doeleindes aangewend word;

(g) Monitering en oorsig van die verskaffersprestasie ten einde te verseker dat spesifikasies en kontrakvoorwaardes ten opsigte van spesifieke goedere of dienste nagekom is.

Beskikkingsbestuur

40. (1) Die kriteria vir die wegdoen of verhuring van bates, insluitend uitgediende, verouderde of oortollige bates, onderworpe aan artikels 14 en 90 van die Wet kan soos volg geskied -

(i) oordra van die bate na ‘n ander staatsliggaam ingevolge ‘n voorwaarde van die Wet wat die oordra van bates magtig.

(ii) oordra van die bate na ‘n ander staatsliggaam teen markverwante waarde of, waar toepaslik, kosteloos;

(iii) verkoop van die bate; of

(iv) vernietiging van die bate.

(3) Die rekenpligtige beampte moet toesien dat -

(a) onroerende eiendom slegs verkoop word teen markverwante pryse behalwe waar die publieke belang of die lot van die armes dit anders sou vereis.

(b) roerende bates kan of deur middel van geskrewe pryskwotasies, ‘n mededingende bodproses, veiling of teen markverwante pryse, watter ookal die mees voordeligste, verkoop word.

(c) vuurwapens nie verkoop of geskenk word aan enige persoon of instelling binne of buite die Republiek nie tensy goedgekeur deur die Nasionale Konvensionele Wapenbeheerkomitee.

(d) onroerende eiendom gelys is teen markverwante pryse behalwe waar die publieke belang of die lot van die armes dit anders sou vereis

(e) alle fooie, heffings, belastings, tariewe, tarieweskaal en ander heffings wat verband hou met die verhuring van onroerende eiendom, jaarliks hersien word;

(f) waar bates verhandel word vir ander bates, die hoogste moontlike inruilprys onderhandel word.

(g) in die geval van gratis wegdoen van rekenaartoerusting, moet die provinsiale onderwysdepartement eers genader word om binne 30 dae aan te dui of enige van die plaaslike skole belangstel in die toerusting;

Risiko bestuur

41. (1) Die kriteria vir die identifisering, oorweging en vermyding van moontlike risikos in die voorsieningskanaal bestuurstelsel, is soos volg

(2) Risikobestuur moet insluit -

(a) die identifisering van risikos op ‘n geval-tot-geval basis;

(b) die toewys van risikos aan die party wat die beste aangewese is om sodanige risikos te bestuur;

(c) aanvaarding van die koste van die risiko waar die koste vir die oordrag van die risiko groter is as om dit te behou;

(d) die bestuur van risikos op ‘n pro-aktiewe wyse en die voorsiening van voldoende dekking vir residu risikos; en

(e) die toewys van relatiewe risikos aan die kontraktuele partye deur middel van duidelike en ondubbelsinnige kontrak dokumentasie.

Prestasiebestuur

42. Die rekenpligtige beampte moet ‘n doeltreffende interne moniteringstelsel daarstel ten einde, op ‘n basis van retrospektiewe ontleding vas te stel of die gemagtigde voorsieningskanaal bestuursprosesse gevolg is en of die doelwitte van hierdie beleid bereik is.

Deel 4 : Ander sake

Verbod op toekennings aan persone wie se inkomstebelasting sake nie in orde is nie

43. (1) Geen toekenning hoër as R30 000 mag aan ‘n persoon toegestaan word nie mits die Suid-Afrikaans Inkomstediens bevestig dat sodanige persoon se inkomstebelastingsake in orde is.

(2) Voordat ‘n toekenning aan ‘n persoon gemaak is, moet die rekenpligtige persoon eers met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens bevestig dat sodanige persoon se inkomstebelastingsake in orde is.

(3) Indien die Suid-Afrikaanse Inkomstediens nie binne 7 dae reageer nie, kan aanvaar word dat subparagraaf (1) in orde is.

Verbod op toekennings aan persone in diens van die Staat

44. (1) Die rekenpligtige beampte moet toesien dat, ongeag of die verkrygingsproses gevolg is, geen toekenning aan enige persoon gemaak word –

(a) wie in diens is van die staat; of

(b) indien sodanige persoon nie ‘n natuurlike persoon is nie, waarvan enige direkteur, bestuurder, hoofaandeelhouer of belanghebbende ‘n persoon is in die diens van die staat; of

(c) ‘n persoon, wie ‘n adviseur of konsultant is en wie gekontrakteer is met die munisipaliteit.

Toekennings aan naby-familielede of persone in diens van die Staat

45. (1) Die rekenpligtige beampte moet toesien datota’s by die jaarlikse finansiële state moet besonderhede weergee van enige toekenning meer as R2000 aan ‘n persoon wie ‘n gade, kind of ouer is van ‘n persoon in diens van die staat, of in die diens van staat was oor die afgelope twaalf maande, insluitend –

(a) die naam van sodanige persoon;

(b) die kapasiteit waarin sodanige persoon in diens is van die staat; en

(c) die bedrag van die toekenning.

Etiese standaarde

46. (1) ‘n Etiese standaarde kode soos voorsien in die Nasionale Tesourie se Gedragskode vir voorsieningskanaal bestuurspraktisyns en ander

rolspelers betrokke in voorsieningskanaalbestuur word hiermee ingestel vir beamptes en ander rolspelers in die voorsieningskanaal bestuurstelsel van die munisipaliteit ten einde die volgende te bevorder -

(a) wedersydse vertroue en respek; en

(b) ‘n omgewing waarbinne besigheid met integriteit en op ‘n regverdige en redelike wyse kan geskied.

(2) ‘n Oortreding van die Etiese Kode moet soos volg aangespreek word -

(a) in die geval van ‘n werknemer, ingevolge die dissiplinêre prosedures van die munisipaliteit ooreenkomstig artikels 57(1)(b) van die Munisipale Stelselswet.

(b) .in die geval van ‘n rolspeler wie nie ‘n werknemer is nie – op enige gepaste wyse ter erkenning van die erns van die oortreding.

(c) In alle gevalle, moet finansiële wangedrag aangespreek word ooreenkomstig hoofstuk 15 van die Wet.

Aansporings, belonings, geskenke en gunste aan munisipaliteite, beamptes en ander rolspelers

47. (1) Geen persoon wat ‘n verskaffer of voornemende verskaffer van goedere of dienste is of ‘n ontvanger of voornemende ontvanger van goedere waarmee weggedoen word, mag indirek of deur middel van ’n verteenwoordiger of tussenganger belowe, aanbied of toestaan –

(a) enige aansporing of beloning aan die munisipaliteit ten opsigte van die toekenning van ‘n kontrak; of

(b) enige beloning, geskenk, guns of gasvryheid aan –

(i) enige beampte; of

(ii) enige ander rolspeler betrokke met die implementering van die voorsieningskanaal betuursbeleid.

(2) Die veantwoordelike beampte moet enige beweerde oortreding van subparagraaf (1) rapporteer aan die Nasionale Tesourie voorlê vir oorweging of die oortreder en enige verteenwoordiger of tussenganger waardeur sodanige persoon na bewering kon opgetree het, gelys moet

word in die Nasionale Tesourie se databasis van persone wie verbied word om handel te dryf met die publieke sektor.

(3) Subparagraaf (1) is nie van toepassing op geskenke van minder as R350 in waarde nie.

Borgskappe

48. Die rekenpligtige beampte moet sonder versuim enige borgskap wat belowe, aangebied of toegestaan is, hetsy direk of indirek deur ‘n verteenwoordiger of tussenganger, deur enige persoon wie -

(a) ‘n Verskaffer of voornemende verskaffer van goedere of dienste is; of

(b) ‘n ontvanger of voornemende ontvanger van goedere waarmee weggedoen is of weggedoen gaan word.

Besware en klagtes

49. Persone wie gegrief is of stappe neem met die implementering van die voorsieningskanaal bestuurstelsel, kan ‘n skrifttelike klag teen die besluit of aksie binne 14 dae indien na die besluit of aksie geneem is.

Bemiddeling van dispute, besware, klagtes en navrae

50. (1) Die rekenpligtige beampte moet ‘n onafhanklike en onpartydige persoon, wie nie direk betrokke is met die voorsieningskanaal bestuursprosesse, aanstel –

(a) om hulp te verleen met die bemiddeling van dispute tussen die munisipaliteit en ander persone betreffende -

(i) enige besluite of stappe geneem met die implementering van die voorsieningskanaal bestuurstelsel; of

(ii) enige saak voortspruitend uit ‘n kontrak wat toegestaan is tydens die duur van die voorsieningskanaal bestuurstelsel; of

(b) om besware, klagtes of navrae met betrekking tot enige sodanige besluite of stappe of enige sake voortspruitend uit sodanige kontrak, af te handel.

(2) Die rekenpligtige beampte, of ‘n ander beampte aangewys deur die rekenpligtige beampte, is verantwoordelik om die persoon, wie

aangestel is, by te staan met die doeltreffende uitvoer van sy of haar funksies.

(3) Die persoon wie aangestel is moet -

(a) daarna streef om alle dispute, besware, klagtes of navrae wat ontvang is, stiptelik af te handel.

(b) maandelikse verslae voorlê aan die rekenpligtige beampte ten opsigte van alle dispute, besware, klagtes of navrae wat ontvang, oorweeg en afgehandel is.

(4) ‘n Dispuut, beswaar, klagte of navrae kan verwys word na die betrokke provinsiale tesourie indien -

(a) die dispuut, beswaar, klagte of navrae nie binne 60 dae opgelos is nie; of

(b) geen reaksie ontvang is binne 60 dae nie.

(5) Indien die provinsiale tesourie nie die saak kan beslis nie, kan die dispuut, beswaar, klagte of navrae verwys word na die Nasionale Tesourie vir beslissing.

(6) Hierdie paragraaf moet nie vertolk word dat ‘n persoon se regte om ‘n hof te nader, aangetas word nie.

Kontrakte wat voorsiening maak vir vergoeding gegrond op omset

51. Indien ‘n diensverskaffer namens ‘n munisipaliteit optree met die voorsiening van ‘n diens of optree as invorderaar van fooie, diensteheffings of belastings en vergoeding betaalbaar aan die diensverskaffers vasgestel is op ‘n ooreengekome persentasie van die omset vir die diens of die bedrag ingevorder, moet die kontrak tussen die diensverskaffer en die munisipaliteit stipuleer dat -

(a) ‘n Limiet ten opsigte van die vergoeding betaalbaar is aan die diensverskaffer; en

(b) dat sodanige vergoeding prestasie gebaseer is moet wees.

Aanvang

52. Hierdie beleid tree in werking op 01 Januarie 2006

MUNISIPALITEIT BERGRIVIER
GEDRAGSKODE VIR VOORSIENINGSKANAAL
BESTUURSPRAKTISYNS EN ANDER ROLSPELERS

Die **doel** van hierdie Gedragskode is om wedersydse vertroue en respek te bevorder sowel as ‘n omgewing te skep waar sake met integriteit en op ‘n billike en redelike wyse bedryf kan word.

1. Algemene beginsels

1.1 Die munisipaliteit verbind homself tot ‘n beleid van regverdige onderhandelinge en integriteit met die hantering van sy sake. Beamptes en ander rolspelers betrokke met die voorsieningskanaal bestuur (VKB) beklee ‘n vertrouensposisie wat impliseer dat hulle ‘n plig het om in die openbare belang op te tree. Beamptes en ander rolspelers behoort nie hulle pligte uit te voer om op ‘n onwettige wyse, enige vorm van vergoeding, betaling of toegif te ontvang vanaf enige persoon, of verskaffer/kontrakteur, ten opsigte van hulleself, hulle gesin of hulle vriende.

1.2 Beamptes en ander rolspelers betrokke met VKB, moet toesien dat hulle hulle pligte doeltreffend, effektief en met integriteit nakom ooreenkomstig die betrokke wetgewing, beleide en riglyne. Hulle moet toesien dat publieke bronne verantwoordelik bestuur word.

1.3 Beamptes en ander rolspelers betrokke met VKB moet regverdig en onpartydig wees met die uitvoer van hulle funksies. Op geen tydstip behoort hulle onnodige voorkeurbehandeling te gee aan enige groep of individue of onbillik diskrimineer teen enige groep of individue nie. Hulle behoort nie die mag en regte wat in hulle gesetel is,te misbruik nie.

2. Botsende belange

2.1 ‘n Beampte of ander rolspeler betrokke met voorsieningskanaal bestuur –

(a) moet alle verskaffers en voornemende verskaffers gelyk behandel;

(b) mag nie sy of haar posisie gebruik vir privaat gewin of om onbehoorlik voordeel te trek uit ‘n ander persoon nie;

(c) mag geen beloning, geskenk, guns, gasvryheid of ander voordeel direk of indirek, insluitend aan enige naby-familielid, vennoot of assosiaat van daardie persoon wat ‘n waarde van R350 oorskry, aanvaar nie;

(d) moet besonderhede van enige beloning, geskenk, guns, gasvryheid of ander voordeel belowe, aangebied of toegestaan aan daardie persoon of aan enige naby-familielid, vennoot of assosiaat van daardie persoon, aan die rekenpligtige beampte verskaf.

(e) Moet aan die rekenpligtige beampte besonderhede verskaf ten opsigte van enige privaat of besigheidsbelang wat daardie persoon, of enige naby-familielid, vennoot of assosiaat in enige voorgestelde verkryging of wegdoenproses of in enige toekenning van ‘n kontrak deur die munisipaliteit kan hê;

(f) Moet onmiddellik terugstaan om op enige wyse deel te hê in die verkryging of wegdoenproses of in die toekenning van ‘n kontrak waarby daardie persoon of enige naby-familielid, vennoot of assosiaat enige privaat of besigheidsbelang het.

(g) Moet enige besigheid, handels- en finansiële belang of aktiwiteite wat onderneem is vir finansiële gewin wat moontlik botsende belange tot gevolg kan hê, verklaar.

(h) Behoort hom- of haarself nie onder enige finansiële verpligting te plaas ten opsigte van enige individue of organisasies van buite wat hulle moontlik kan beinvloed met die uitvoer van hulle amptelike pligte nie; en

(i) Behoort nie onbehoorlik voordeel te trek uit hulle voormalige pos nadat afstand gedoen is van die amptelike pos nie.

3 Rekenpligtigheid

3.1 Praktisyns is rekenpligtig verantwoordbaar vir hulle besluite en aksies teenoor die publiek.

3.2 Praktisyns behoort publieke eiendom met omsigtigheid te gebruik.

3.3 Slegs rekenpligtige beamptes en hulle afgevaardigdes het magtiging om die munisipaliteit te verbind tot enige transaksie vir die verkryging van goedere en/of dienste.

3.4 Alle transaksies uitgevoer deur die praktisyn moet op ‘n gepaste rekenkundige stelsel aangeteken en rekenskap voor gegee word. Praktisyns mag om geen rede wat ookal enige valse of misleidende aantekeninge op die stelsel maak nie.

3.5 Praktisyns moet die rekenpligte beampte bystaan ten einde bedrog, korrupsie, bevoordeling en onbillike en onregverdige praktyke in die voorsieningskanaal bestuurstelsel te bestry.

3.6 Praktisyns moet enige beweerde onreëlmatige optrede in die voorsieningskanaal bestuurstelsel, sodra hulle daarvan bewus raak, aan die rekenpligte beampte rapporteer, insluitend –

(j) enige beweerde bedrog, korrupsie, bevoordeling of onbillike gedrag.
(iii) enige beweerde oortreding van die beleid op gunswerwing, belonings, geskenke en gunste aan munisipaliteite of munisipale entiteite, beamptes of ander rolspelerrs en
(iv) enige beweerde oortreding van hierdie gedragskode.

3.7 Enige verklarings wat gemaak word, moet aangeteken word in ‘n register wat die rekenpligtige beampte vir hierdie doel byhou. Enige verklarings gemaak deur die rekenpligtige beampte moet aan die burgemeester voorgelê word, wie moet toesien dat sodanige verklaring in die register aangeteken is.

4 Openhartigheid

4.1 Praktisyns moet so openhartig as moontlik wees ten opsigte van al die besluite en aksies wat hulle neem. Hulle moet die redes verskaf vir hulle besluite en inligting beperk slegs indien dit in publieke belang is om dit te doen.

5 Vertroulikheid

5.1 Enige inligting wat die eiendom is van die munisipaliteit of sy verskaffers moet te alle tye beskerm word. Geen inligting ten opsigte van enige bod / kontrak / bieër / kontrakteur kan bekendgemaak word indien sodanige optrede die betrokke bieër / kontrakteur se persoonlike regte aantas nie.

5.2 Sake van ‘n vertroulike aard in die besit van beamptes en ander rolspelers betrokke met VKB, moet vertroulik gehou word tensy wetgewing, die uitvoering van plig of die bepalings van die wet dit andersins vereis. Sodanige beperkings is ook van toepassing op beamptes en ander rolspelers betrokke met VKB na skeiding van diens.

6 Bod spesifikasie / evaluering / toekenning komitees

6.1 Bod spesifikasie, evaluering en toekennings komitees moet namens die munisipaliteit, voorsieningskanaal bestuur op ‘n eerlike, regverdige, billike, deursigtige, koste-effektiewe en verantwoordbare wyse, implementeer.

6.2 Bod evaluering / toekenning komitees moet op hoogte wees met en hou by die voorgeskrewe wetgewing, voorskrifte en prosedures ten opsigte van voorsieningskanaal bestuur ten einde effektief en doeltreffend te funksioneer.

6.3 Alle lede van die toekenning komitees moet klaring ontvang deur die rekenpligtige beampte op die vlak van 'VERTROULIK' en moet versoek word om jaarliks hulle finansiële belang te verklaar.

6.4 Geen persoon magt –

6.4.1 inmeng met die voorsieningskanaal bestuurstelsel van die munisipaliteit nie; of

6.4.2 enige pryskwotasie / bod wysig of mee peuter nadat dit ingehandig is nie.

7 Strydende praktyke

7.1 Strydende praktyke is oneties en onwettig en moet ten alle koste vermy word. Hulle sluit in – maar is nie beperk tot –

- Voorstelle vir fiktiewe laer kwotasies.
- Verwysing na mededinging wat nie bestaan nie.
- Uitbuit van foute in pryskwotasies / botte.
- Werwing van pryskwotasies / botte van bieërs / kontrakteurs wie se name in die Register vir Tender Oortreders verskyn.